Versamelkuns Gr 6 (c)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die beginsels en toepassing van beplanning te leer.
2. Te leer om sinvolle en leersame versamelings te maak.
3. Te laat kennis maak met die korrekte wyse om te versamel.
4. Te leer hoe om versamelings sinvol te berg.
5. Te laat besef watter groot bron van inligting versamelings kan wees.
6. Die genot te laat ervaar van die kommunikasie tussen persone met dieselfde belangstelling.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die agtergrondkennis in die graadwielboeke wat oor versamelings handel, ken en kan gebruik.
2. Gelei word sodat die keuse van sy versameling sinvol en opvoedkundig van aard is.
3. Onder leiding van die Offisier die werkswyse deeglik beplan en uitvoer.
4. Die items oor ‘n tydperk versamel, anders dien dit geen doel nie.
5. Bewus wees van die rol wat korrekte berging speel.
6. Sy versameling self rangskik en monteer.
7. In staat wees om oor sy versameling te gesels en leersame feite kan uitwys.
8. Die versameling moet aan die volgende vereistes voldoen.
   - elke item moet voorsien wees van ‘n naam, plek van fonds, interessante gegewens.
   - rangskikking moet logies en kunstig wees.
   - minstens 40 voorbeelde moet versamel word.
9. Twee of meer versamelaars se uitstallings besoek met die uitsluitlike doel om kennis op te doen.

C AANBIEDING

1. Die Offisier moet die vereistes deeglik met die betrokke kind behandel, want dit is die basiese vertrekpunt.
2. Om verwarring en misverstande uit te skakel moet die Offisier al die vereistes en keerdatums wat hy stel vir die versameling op skrif aan die kind gee.
3. Die Offisier moet voortdurend vra hoe dit gaan met die versameling en ook raad gee waar nodig. Hou deeglik kontrole oor die vordering.